

Vir die ouer/onderwyser

Om te lees is een van die belangrikste vaardighede wat die leerder in die grondslagfase moet bemeester. Om hierdie rede word 'n volle 2 uur en 30 minute per week aan **groepbegeleide lees** afgestaan, en 'n verdere 45 minute aan **gedeelde lees**.

Groepbegeleide lees

In die klaskamer word groepbegeleide lees op twee maniere gedoen:

- Met die hele klas uit die klasleesboek.
- Met gedifferensieerde leesgroepe uit gegradeerde leesboeke wat pas by die spesifieke leerder of groep se leesvaardigheid.

Die klasleesboek

Die klasleesboek is so geskryf dat die gemiddelde leerder die spesifieke leesles met taamlieke gemak kan lees nadat dit met hom/haar deurgegaan is. Al die leerders in die klas werk uit dieselfde boek en die storie-inhoud word gewoonlik gebruik as basis vir 'n aantal lees- en skryfopdragte.



Hierdie leesboek is die eerste van 'n stel van twee klasleesboeke vir graad 1 en volg 'n klankmatige benadering. In elke leesles word 3-4 nuwe klanke bekendgestel, totdat die leerder teen die einde van kwartaal 1 al die enkelklanke ken. Die skrywers het hul uiterste bes gedoen om in elke leesles slegs woorde te gebruik met klanke waaraan die leerder reeds blootgestel is. Die sigwoorde vir elke week kom ook in die leesles voor en bevat slegs klanke wat aan die leerder bekend is.

Agter in die leesboek word 'n leesplan met duidelike riglyne t.o.v. die leesaktiwiteite per dubbelbladsy verskaf. 'n Dubbelbladsy bied leeswerk vir een week en daar word nie van die leerder verwag om dit alles in een sessie te bemeester nie. Daar word stap vir stap verduidelik hoe die leesles aangepak kan word, en 'n verskeidenheid leesspeletjies word verskaf om vinnige woord- en klankherkenning te oefen.

Gegradeerde leesboeke vir gedifferensieerde lees

Al die leerders in die klas lees nie ewe goed nie. Sommige leerders mag dalk sukkel om die klasleesboek te lees, terwyl ander die inhoud lag-lag bemeester. Om elke leerder volgens eie vermoë te laat lees, word gegradeerde leesboekies vir gedifferensieerde lees gebruik. In graad 1 kom die gedifferensieerde boeke gewoonlik teen kwartaal 2 ter sprake. Die moeilikheidsgraad word gewoonlik op die betrokke leesboek aangedui.

Gedeelde lees

Gedeelde lees word met die hele klas of in leesgroepe gedoen en maak van vergrote leesmateriaal gebruik.



Hierdie leesboek is 'n klasleesboek en nie 'n gegradeerde leesboek vir gedifferensieerde lees nie. Dit bevat ook nie vergrote teks wat vir gedeelde lees gebruik word nie.

Soorte lees

Elke leesles behoort verskillende tipes lees in te sluit. Hier is 'n paar voorbeelde:

Spoeplees: Spoepleesoefeninge word vir sowel klanke as sigwoorde gebruik. Met net 250 woorde kan 'n leerder 60-75% van enige leesstof lees. Hierdie woorde word hoëfrekwensie-sigwoorde genoem. Voorbeelde: ek, is, die, nie, en, het, word. Daar word met elke leesles geoefen om die sigwoorde so vinnig as moontlik te lees. Hoe makliker en vinniger leerders die sigwoorde kan lees, hoe meer tyd het hulle om die res van die sin te ontsyfer. Vir u gerief word die sigwoorde vir elke week in die inhoudsopgawe en by elke les aangedui. Agter in die boek word wenke gegee hoe u spoeplees van klanke en sigwoorde speel-speel met die kind kan oefen.

Vooraflees: Vooraflees word gebruik om te voorspel wat dalk in die teks gaan gebeur. Die kind word byvoorbeeld gelei om eers die prent te bestudeer en later om die eerste sin van elke paragraaf te lees. Daarna voorspel die kind waarom die teks gaan.

Soeklees: Soeklees word gebruik wanneer 'n mens na 'n spesifieke woord, naam, telefoonnommer, feit, ensovoorts, soek. Die leerders sal byvoorbeeld soek na woorde met sekere klanke of sekere lees- en skryftekens. Die tegniek van soeklees, met voorbeelde, word agter in die boek verduidelik.

Hardoplees en voordraglees: Hardoplees is nie noodwendig voordraglees nie. Voordraglees neem intonasie, stemtoon en wisselende volume en leesspoed in ag. Die kind leer dit doen deur die volwasse voorleser na te aap. Later kan dit vanself kom. Hierdie klasleesboek is so geskryf dat dit voordraglees maklik maak.

Lekker lees! Hierdie klasleesboek gaan u - en die kinders - ure se doelgerigte pret verskaf.

Mart Meij

Stap-vir-stap-leesplanne

Vooraf

Maak flitskaarte van

- al die **enkelklanke**, die klank **ie** en die dubbelklanke **oo**, **aa**, **ee** en **uu**.



In elke leesles word 3-4 nuwe klanke bekendgestel, totdat die leerder teen die einde van kwartaal 1 al die enkelklanke ken.

- die **sigwoorde**. 'n Lys van die nuwe sigwoorde vir elke week word op bladsy 46 verskaf. Verdeel die sigwoorde in pakkies volgens die weke. Daar word elke week net met die sigwoorde gewerk wat tot daardie week bekendgestel is.



Die flitskaarte moet groot genoeg en die letters dik genoeg wees sodat die hele klas die klanke met gemak kan lees, vanaf enige plek in die klas. U gaan 'n verskeidenheid hersieningspeletjies met die leerders speel waarin die flitskaarte gebruik word. Die flitskaarte moet dus van stewige karton gemaak word sodat dit lank kan hou.



Die sigwoorde vir elke week kom elke keer uit die leesles en bevat slegs klanke wat aan die leerder bekend is. Teen die einde van die week behoort die leerder die sigwoorde vlot te kan lees, en ook korrek te kan spel.

Week 1 en 2 Bladsy 2 en 3

Vooraf

1. Maak die leerders bewus van die begrippe “klanke” en “woord”:
 - Laat die leerders hulle name sê. Help elke leerder om die aanvangsklank van sy/haar naam te identifiseer.
 - Benoem 'n paar voorwerpe in die klas. Met watter klank begin die woord?



Herhaal bogenoemde aktiwiteite elke dag vanaf week 1 tot minstens week 4.

2. Praat in detail oor hoe 'n boek/leesboek hanteer moet word. Byvoorbeeld: skoon hande, hoe om te blaai, hoe om die boek vas te hou. Deel die leesboek uit.

Hoe om bladsy 2 en 3 aan te pak



Hierdie opdragte word oor die hele week versprei en kan oor en oor herhaal word.

1. Laat die leerders oefen hoe om die boek vas te hou en hoe om om te blaai.
2. Maak oop op bladsy 2 en 3. Bespreek die prent op bladsy 2 en 3 soos volg:
 - Vooraflees: Wie/wat sien hulle op die prent? Wat doen die persoon/dier? Wat, dink hulle, gaan gebeur?
 - Klanke/ouditief: Wat sien die leerder op die bladsy? Met watter klank begin die woord? Voorbeelde: wasgoed – w, mamma – m, muis – m, hemp – h, ensovoorts.

- Stel die letter-klankverhouding bekend: Tel die hemde. Wat sien hulle op elke hemp? Laat die leerder die letter met die vinger natrek en die klank hardop sê. (Week 1 – **d, i, t, s**; Week 2 – **d, i, t, s** PLUS **m, o, e, n**.)
3. Skryf: Laat die kinders elke dag een van die letters op hul skryfborde oefen. Dui duidelik aan waar die letter begin/eindig. Laat hulle die klank hardop sê terwyl dit geskryf word. Gebruik verskillende kleure kryt en skryf die letter oor en oor.



Belangrik: In week 1 word slegs die letter-klankverhouding op bladsy 2 behandel. In week 2 kom die letters/klanke op bladsy 3 by.

4. Benoem 'n klank op die hemde hardop en laat die leerder die regte hemp wys en die klank hardop sê.
5. Flits die klankkaarte. Laat die leerder die klanke lees en dan op die skryfbord skryf. Doen slegs die klanke wat reeds op die skryfbord geoefen is (stap 3 hier bo).
6. Teen die einde van die week kan een van die spoedleesspeletjies (sien bladsy 45) gespeel word om vinnige herkenning van die klanke in te oefen.



Herhaal stappe 1-6 in week 2, maar konsentreer nou op die skryf van die klanke op bladsy 3. Wanneer klanke geflits word in spoedleesoefeninge, word beide week 1 en 2 se klanke geflits.

Vanaf bladsy 4



Van nou af word presies dieselfde lespatroon vir elke week gevolg.

Vooraf

- Kyk in die inhoudsopgawe watter klanke gedurende die betrokke week bekendgestel word. Hou die vorige weke en die nuwe week se klanke gereed.
- Kry die flitskaarte van die week se sigwoorde (sien elke 46) gereed.



Die leesles bestaan uit beide bladsye en bevat genoeg leeswerk om die hele week konstruktief daaraan te lees. Moenie probeer om alles op een dag te doen nie! Elke dag moet wel met spoedlees van die klanke en sigwoorde begin (stappe 1-5).

Die leesles self

- ❖ Een dubbelbladsy per week word aanbeveel.
- ❖ 'n Gemiddelde leesles behoort ongeveer 'n halfuur te duur.
- ❖ Probeer altyd dieselfde roetine volg wanneer u 'n leesles aanbied. Hier is die moontlike stappe wat u kan volg:

Stap 1: Spoedlees bekende klanke

- Flits die bekende klanke en laat die leerders dit so vinnig as moontlik lees. Hou dit interessant deur een van die spoedleesspeletjies (bladsy 45) te speel.

Stap 2: Die week se klanke

- Stel die nuwe klanke bekend. Laat die leerders die klank/e hardop sê en op hul skryfbord skryf. Hulle sê die klank weer hardop terwyl hulle skryf.



Kies elke dag een van die week se klanke om op die skryfborde te oefen. Maak seker dat die kind weet waar die letter begin en eindig.

- Teen die einde van die week kan enige van die bekende klanke as hersiening geskryf word. Voorbeeld: **k**. Flits 'n klank, die leerder lees die klank. Gee die skryfopdrag, byvoorbeeld: Skryf 'n geel **k** in die middel van jou bord. Kan jy nog 'n **k** in blou presies bo-oor die geel **k** skryf? Hoe groot/klein kan jy die **k** op jou skryfbord skryf?

Stap 3: Soeklees klanke

- Flits die nuwe klanke een vir een. Laat die leerders die nuwe klanke in die leesles soek.
- Noem 'n klank wat in die les voorkom. Wie kan eerste 'n woord met die klank kry? Konsentreer op klanke wat in die betrokke week bekendgestel word.

Stap 4: Spoedlees klanke

- Skommel die nuwe klank/e en die bekende klanke. Flits die klanke en speel 'n spoedleesspeletjie.

Stap 5: Analise en sintese

- Klap van die woorde in die les uit in klanke en laat die leerder die woord sê (sintese). Met watter klank begin elke woord? Leerders sê en wys die letter in die leesles/illustrasie.
- Sê 'n woord en laat die kinders dit in klanke uitklap (analise). Met watter klank begin elke woord? Leerders sê en wys die letter in die leesles/illustrasie.

Stap 6: Soeklees woorde

- Noem 'n woord uit die les. Wie kry eerste die woord?
- Flits 'n woord uit die les. Laat die leerders die woord lees. Klap die woord uit in klanke. Wie kry eerste die woord in die les?

Stap 7: Sigwoorde



Die week se sigwoorde is onder aan die regterkantste bladsy. U sal opmerk hoeveel makliker die leerder die les kan lees sodra die sigwoorde met een oogopslag herken word. U sal ook oplet hoeveel van die les uit sigwoorde bestaan! Mik daarna dat die leerders teen die einde van die week die nuwe sigwoorde vlot kan lees en ook korrek kan skryf.

- Stel die nuwe sigwoorde bekend en laat die leerders die woorde in klanke uitklap.
- Flits die sigwoorde en die kind lees dit.
- Op 'n volgende dag flits u die sigwoorde en speel 'n spoedleesspeletjie.

Stap 8: Voorlees

- Lees die storie op die linkerkantste bladsy saam met die leerders. Wys met die vinger na elke letter/woord. Gee aandag aan intonasie, verskil in leesspoed en volume, ensovoorts.
- Herhaal. Die leerders volg die les in hul klasleesboeke.

Stap 9: Leesbegrip

Vir die eerste paar leeslesse

- Klap saam met die kind die sinne in woorde uit. Verduidelik wat 'n sin is. Verduidelik dat hoofletters wys waar 'n sin begin en 'n punt wys waar die sin eindig. Laat die kind die hoofletters en punte op die bladsy wys.
- Verduidelik dat name baie belangrik is en daarom ook met hoofletters begin. Laat die kind sy/haar naam sê en die beginklank noem. Doen dit met nog 'n paar name/voorwerpe in die omgewing.

Vir latere leeslesse



Om te leer lees is harde werk. Om te verhoed dat die kind te moeg word en moed opgee, verdeel die leesstuk of die stappe in kleiner eenhede, solank die hele les teen die einde van die week gelees is en al die stappe gevolg is.

- Laat die leerders leestekens aantoon en verduidelik hoe die leesteken die sin beïnvloed.
- Vra 'n paar geheue- en begripvrae oor die inhoud. Onthou dat die leerders elke keer hul antwoord moet motiveer.

Stap 10 Selflees

- Gee die leerders kans om die les vir hulself te lees.
- Kies twee of drie leerders om die les vir die klas voor te lees.



Naas die sigwoorde word 'n aantal woordfamilies op elke regterkantste bladsy verskaf. Hierdie woorde lyk baie na aan mekaar en word geoefen omdat dit die kind dwing om regtig te lees wat daar staan, en nie te raailoes nie.

Vanaf week 11

Die leerders is nou gewoond aan die leesroetine en kan al in 'n mate selfstandig werk. Van nou af kan u die klas in leesgroepe verdeel en ook van aanvullende leesboeke gebruik maak. Volg nou hierdie patroon:

Stap 1: Klanke, spoedlees en sigwoorde

- Begin steeds deur die klanke wat reeds bekendgestel is, te flits en laat die leerders die klanke so vinnig as moontlik lees. Kyk by die voorgestelde speletjies op bladsy 45 hoe u die oefening interessant kan hou.
- Spoedlees die sigwoorde wat reeds bekendgestel is.
- Stel die nuwe sigwoorde bekend.

Stap 2: Soeklees

- Flits 'n sigwoord. Die leerders lees die woord en kyk of hulle die woord in hul leesles kry.
- Noem 'n klank wat in die les voorkom. Wie kan eerste 'n woord met die klank kry? Konsentreer op klanke wat in die betrokke week bekendgestel word.
- Soek 'n woord uit die leesles. Wie kry eerste die woord?

Stap 3: Voorlees

- Stel die inhoud bekend deur die storie vir die leerders voor te lees.

Stap 4: Bespreek die leesles se inhoud

- Vra 'n paar geheue- en begripvrae oor die inhoud. Onthou dat die leerders elke keer hul antwoord moet motiveer.

Stap 5: Oefen leestegniek

- Die leeslesse is te lank om alles op een slag te lees. Verdeel die stori gedeelte van die leesles in kleiner eenhede wat die leerders maklik sal bemeester.
- Oefen op dag 1 slegs eenheid 1. Op dag 2 lees u eenheid 1 en 2 voor, en laat die leerders oefen om eenheid 2 hardop te lees. Sluit die leesles af deur eenheid 1 en 2 hardop saam te lees. Op dag 3 lees u eenheid 1 tot 3 voor, fokus met die lees oefeninge op eenheid 3, en sluit af deur eenheid 1 tot 3 hardop saam met die leerders te lees.
- Op dag 3 en 4 word die hele leesstuk voorgelees. Stop hier en daar en vra verskillende leerders om verder te lees. Dit dwing die leerders om saam te lees en nie net te luister nie.

Stap 6: Skriftelike opdrag

Volg die oefening op met 'n skriftelike opdrag. Skriftelike opdragte moet van so 'n aard wees dat die leerders dit maklik op hul eie kan voltooi.

- Verduidelik die lees- en skryfopdrag en sit die leerders aan die werk.
- Terwyl die leerders met hul skriftelike leesopdragte besig is, neem u kleiner leesgroepe om uit hulle gedifferensieerde leesboeke vir u te kom lees.

Voorbeelde van eenvoudige skriftelike opdragte wat u kan gee:

- Hoeveel woorde met * kan jy in jou leesles kry? Skryf die woorde op jou skryfbord/in jou werkboek.
- Skryf die sigwoorde so netjies as wat jy kan op jou skryfbord/in jou werkboek.
- Verskaf 'n lysie van vyf woorde, waarvan vier in die leesles voorkom en een nie. Die leerder moet aandui watter woord nie in die leesles was nie.
OF
Verskaf 'n lysie van vyf woorde, waarvan net een in die leesles was. Die leerder moet aandui watter woord in die leesles was.
- Verskaf 'n werkvel met twee of drie sinne uit die leesles. Laat 'n woord uit of een woord onvoltooid in elke sin. Die leerder moet die regte woord/klank invul om die sin te voltooi.
- Vra: Wat dink jy gaan verder gebeur? Teken 'n prent van jou idee.
- Vra: Van watter karakter in die storie het jy die meeste gehou? Teken die karakter en skryf sy/haar naam by jou prent.

Stap 7: Gedifferensieerde lees

- Volg presies dieselfde stappe as vir die klasbegeleide lees uit die klasleesboek, maar nou gebruik u die gedifferensieerde leesboek wat vir die spesifieke leerder of groep uitgesoek is.
- Konsentreer op dieselfde klanke en sigwoorde as in die klasleesboek.

Speletjies om leesspoed te bevorder

- Leerders staan in 'n ry 'n paar meter van u af. Flits die klanke/sigwoorde. Wie kan eerste die flitskaart lees? Die leerder neem 'n skoengrootte tree vorentoe. Wie kan eerste aan u raak?



Kinders wat die antwoord uitskree, moet een beurt uitsit.

- Dieselfde idee: Leerders sit op hul stoele. Die leerder wat eerste antwoord, staan op sy stoel, dan op sy tafel, dan terug op sy stoel en dan is hy/sy die wenner en neem nie verder deel nie.



Deur vinnige lesers uit te skakel, help u die stadiger leser om nie moed op te gee nie.

- Kan jy die woord/klank lees as jy jou hande bo jou kop hou? O! Jy kan! Maar nou het ek jou vas: Kan jy die woord lees as jy op jou stoel staan met jou hande bo jou kop? Ai! Die klas is baie slim! Ek is seker julle sal dit nie kan doen as jy jou hande bo jou kop hou, op jou tafel staan en 'n boontjiesak op jou kop balanseer nie . . ., ensovoorts.
- Lees die woorde met die fynste/grofste stem wat jy kan. Kan jy die woorde lees sonder om jou lippe te roer/met 'n koeëlronde mond? ensovoorts.
- Plak die sigwoorde oral in die klas op. Gee vir vyf leerders 'n opgerolde vel koerantpapier elk. Noem 'n woord. Wie kan eerste die woord "doodslaan"? Die wenner mag die volgende vyf leerders kies wat mag speel.

Weeklikse sigwoorde

Kwartaal 1	
Week 3 dis sit dit en is	Week 4 met kan sê 'n in
Week 5 kom vat die net vir	Week 6 hom kyk het ons sy
Week 7 kos wys reg wat by	Week 8 op nie hier sien hy
Week 9 wil los mag jy kop	Week 10 Hersien die eerste 35 sigwoorde
Kwartaal 2	
Week 11 dag val van my af	Week 12 maar waar saam sal dan
Week 13 ken mos daar bly dat	Week 14 leer meer een gee weer
Week 15 weet weg gaan aan ek	Week 16 oor voor los tog kry
Week 17 lus ruk buk na slaan	Week 18-19 Hersien die eerste 70 sigwoorde
Week 20 Rond af en assesseeer	